



H.J. VAN ASWEGEN. *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*. Academica: Pretoria en Kaapstad, 1989. 318 pp. Geïll. R35,00 (eksklusief). ISBN 0 86874 337 2.

Hierdie is een van die min handboeke in Afrikaans vir die student van Suid-Afrikaanse geskiedenis, en een van nog minder wat aandag gee aan die fase voor die koms van die blanke en ook nie 'n blanke-sentriese uitgangspunt het nie. Van Aswegen, wat hoof is van die Departement Geskiedenis aan die Randse Afrikaanse Universiteit, het hom dit ten doel gestel om kennis te neem van nuwe navorsing oor en

vertolkings van die Suid-Afrikaanse geskiedenis sonder om die rol van die blanke in 'n oormatig negatiewe lig te stel. Dit is vir die eerstejaargestudent bedoel en is, volgens die skrywer, nie op oorspronklike navorsing gebaseer nie maar eerder 'n poging om 'in die lig van die ou en nuwe kennis oor ons vroeë geskiedenis die gebeure en prosesse op 'n onbevangende wyse aan die leser en student oor te dra' (p. 8).

Die boek bestaan uit elf hoofstukke waarvan die eerste vier (67 pp.) prehistoriese Suid-Afrika en die Bantoesprekende gemeenskappe tot 1800 behandel. 'n Volgende hoofstuk dek die vestiging van 'n blanke gemeenskap tydens die Nederlandse VOC-tydperk (1652-1795), terwyl een blank-swart-tussengroepverhoudinge in dieselfde tyd beskryf. Drie hoofstukke ondersoek die Kaapkolonie onder Britse en Bataafse beheer tot 1854 en sluit die interaksie tussen blankes, gekleurdes en swartes in. In die laaste twee hoofstukke bespreek Van Aswegen die geskiedenis van die binneland voor die Groot Trek en daarna. Net voor die register is daar (in die vorm van 'n bylae) 'n kort bespreking van geskiedskrywing oor Suid-Afrika. Daar is ook nege lyn-kaarte opgeneem om die teks toe te lig, maar hulle verskyn ongelukkig nie in die inhoudsopgawe nie.

'n Belangrike kenmerk van die boek is die eenvormigheid (eenheid) wat gedagtegang en ontwikkeling betref — iets wat meestal by spanpogings ontbreek. Die taal en styl is keurig en die tegniese versorging, dubbelkolom-bladuitleg en drukwerk getuig van die hoë standaard waarvoor dié uitgewery bekend is. Die Plantin-lettertipe, hoewel aan die klein kant, lees maklik, die omslagontwerp is esteties verantwoord en die bindwerk in slapband is stewig dog funksioneel. By elke hoofstuk is 'n afsonderlike bronnelys gevoeg wat naleeswerk behoort te stimuleer.

'n Besondere hulpmiddel vir die student of algemene leser is die insetsels of panele wat 'n groot aantal onderwerpe toelig. So is daar statistiek oor skeepsverkeer, die herkoms van immigrante en slawe; pensketse van politici, prokureurs, Boereleiers en sendelinge; besprekings van die aard en herkoms van mites oor Slagtersnek en die *difaqane*; 'n vergelyking van die uiteenlopende vertolkings van die Slag by Bloedrivier en Geloftedag, en 'n volblad-uiteensetting van die begrip 'grens' of 'grensgebied' aan die hand van hedendaagse liberale en radikale vertolkers.

Van Aswegen het bepaald gepoog om 'n 'moderne' Afrikaanse standpunt weer te gee. *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854* verskil dan ook van die meer 'tradisionele' vertolkings van Afrikaanse historici waaraan die Afrikaan-

se student tot 'n dekade gelede nog gewoon was. Sonder om alles wat die Afrikaner in die verlede gedoen het by voorbaat in die lig van hedendaagse standpunte af te kraak, gee hy 'n kritiese siening weer.

Hy gooi talle vroeëre konsepte en mites oorboord. Die Groot Trek is nie meer die sentrale tema nie, maar bly 'n belangrike gebeurtenis; dit word nie beskou as 'n nasionale beweging of selfs 'n beweging wat deur 'n nasionale gevoel veroorsaak is nie. Ook die Slag by Bloedrivier word nie meer as die sentrale gebeurtenis van die Groot Trek of van die periode voorgehou nie.

Verder word 'n nuwe begrip in 'n algemene Afrikaanse geskiedeniswerk ingebring, naamlik die 'oop' en 'sluitende' grensgebied (p. 117). Tendense en gebeurtenisse word dan aan die hand daarvan verklaar. Die indruk word onwillekeurig gelaat dat die historiese persoon handel ooreenkomstig die stand van die grens op 'n gegewe tydstip.

By inheemse eiename volg die skrywer die ortografie van die onderhawige taal. Ongelukkig het enkele foute ingesluit, soos by Hintsa wat in die register en op p. 222 as Hintza verskyn (die register verwys ook nie na pp. 221 en 222 waar die naam wel voorkom nie), en by Tyhume ('n sytak van die Keiskammarivier) waar die on-Xhosa-vorm Tjumie in die register en al die verwysings gebruik word. Hintsa word terloops ook verontreg waar die skrywer beweer dat hy die Rharhabe-inval van 1834-1835 in die Kaapkolonie ondersteun het (p. 231).

'n Ernstige leemte in dié werk is dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis nog grootliks in isolasie bestudeer en verklaar word. Behalwe algemene verwysings na die Britse owerhede word Britse beleidsveranderinge hoofsaaklik in die lig van Suid-Afrikaanse omstandighede verklaar. Geen verwysing word na 'n spesifieke Britse regering, minister, of party gemaak nie. 'n Opvallende voorbeeld is Brittanje se behoud van een geannekseerde Voortrekkergebied (Natal), teenoor sy gelyktydige onttrekking aan die latere Oranje-Vrystaat en Transvaal. Nog 'n voorbeeld is die verwysing na filantropie sonder om ooit lord Glenelg te vermeld!

Daar kan geen twyfel bestaan nie dat *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854* 'n geslaagde en nuttige handboek vir eerstejaars behoort te wees. En ofskoon dit nie as 'n handboek in streekgeskiedenis opgestel is nie, kan dit 'n bron van waardevolle inligting wees oor byvoorbeeld grensgebiede, binnelandse stamme en groepe, vestigingspatrone, migrasiebewegings en derglike meer.